# Bewonderaars, leerlinge of dissipels van Jesus?

Lukas 14:15-35

*5 September 2010*

Vooraf:
‘n Menigte mense het Jesus op daardie stadium gevolg, maar nie almal om die **regte redes** nie. Baie van hulle het verwag dat Hy ‘n *aardse Messias* sou wees, ‘n politieke bevryder wat aan hulle aardse voorspoed sou gee. Daarom vind Jesus dit nodig om *openlik en eerlik* met hulle te praat oor die **eise van dissipelskap**. Sy volgelinge moes weet dat om Sy dissipel te wees, vra ‘*n prys*. Hulle moes liewer *twee maal dink* voordat hulle sy volgelinge word.’n Dissipel wat **halfhartig** is, is soos *sout* wat verslaan het en nie meer smaak kan gee nie.

Lees Lukas 14:15-35 (vergelyk Josua 24:13-24)

‘n Mens kan Jesus nie halfhartig volg nie.
Maar daar is baie kragte wat op ons lewens inwerk – kragte wat ons van *koers* wil dwing of wil t*erughou*.

1. Eerstens: Die behoefte aan STATUS. Vroeër in die hoofstuk vertel Lukas van Jesus se besoek by ’n vooraanstaande Fariseër en hoedat die gaste die **voorste plekke** aan tafel uitsoek. Dit weerspieël die behoefte aan *status*, aan *spesiale behandeling*, aan *bewondering*, om *raakgesien* te word. Die versoeking is soms om **jou beginsels** hiervoor prys te gee. Jy is bang om die vriendskap van jou kontakte of jou gewildheid te verloor. Die behoefte aan status kan ‘n baie sterk krag in ‘n mens se lewe wees.
‘n Ware dissipel soek egter nie sy/haar **eie eer nie**, maar die eer van God. Dit gaan nie daarom dat *JY raakgesien* word nie, maar Christus in jou. Jy soek nie na ‘n *hoër status* as die van dissipel van Jesus nie. Jy is immers kind van God, Koningskind!

2. Tweede krag: FAMILIE EN VRIENDE. Ons het gelees dat ‘n mens nie Jesus se dissipel kan wees as jy nie **afstand doen van** vader, moeder, vrou, kinders, broers en susters nie (14:26). In die oorspronklike Griekse teks word die woord *“haat*” gebruik. Dis ’n Semitiese uitdrukking wat beteken *“minder liefhê”,* bereid wees om jou familie tweede te stel wanneer nodig. Dit is nie ’n *emosionele* haat nie, maar verwys na *prioriteite wanneer ‘n mens voor keuses* gestel word.
Dink byvoorbeeld aan die roeping van **Abram** toe God vir hom gesê het: “*Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys.”* (Gen 12:1) Dieselfde gedagte word in Matteus 10:37-38 meer positief gestel: *“Hy wat sy vader of moeder liewer het as vir My, is nie werd om*

*aan My te behoort nie..."* Jesus vra algehele toewyding, *commitment* aan Hom, selfs wanneer dit direk teen familieverbande indruis.
Familiebande en vriendskapsbande is **kosbaar** en kan vir jou in jou geestelike lewe ook baie beteken. Ons het ook bepaalde **verantwoordelikhede** teenoor ons familie. Ons moet egter nie toelaat dat familiebande en vriendskapsbande **tussen ons en die Here** kom nie. In die vorige gelykenis oor die groot maaltyd was die een se verskoning *"Ek is pas getroud, daarom kan ek nie kom nie."* Die **gevolg** was dat hy nie alleen die gasheer in die *gesig gevat* het nie, maar self die groot maaltyd *mis geloop* het. Die verhouding met veral ons familie kan 'n baie **groot krag** in ons lewe uitoefen, maar hoe lief ons ookal mekaar het, mag ons nie toelaat dat hierdie krag ons van Jesus wegtrek nie. Ons **eerste lojaliteit** lê by die Here Jesus. Abraham was selfs bereid om vir **Isak** te gaan offer.

3. Derde krag: BESITTINGS. Een van die ander gaste wat na die groot maaltyd uitgenooi was, se verskoning was *"Ek het 'n stuk grond gekoop en moet noodsaaklik uitgaan om daarna te kyk."* (:18) **Materiële dinge**, besittings, kan 'n groot krag in 'n mens se lewe uitoefen. Hierdie gawes kan later jou *denke en drome oorheers* sodat die Gewer van die gawes die tweede plek moet inneem. In vers 33 staan *"So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie."* Dit is hier waar die **ryk jongman** omgedraai het. Dit was die rede waarom hy nie kans gesien het om Jesus te volg nie.
Hoe lyk ONS prioriteite? Sal ons Jesus nog volg al verloor ons soos **Job** ook alles? **Geld en goed** word aan ons gegee nie om soos afgode *gedien te word* nie, maar om daarmee *te dien*.

4. Vierde krag: DRANG TOT SELFBEHOUD – seker een van die sterkste kragte in enige mens se lewe. Jesus sê 'n dissipel moet *afstand doen van sy eie lewe* (:26). Iemand wat nie sy **eie kruis dra** en agter Hom aanloop nie, kan nie sy dissipel wees nie (14:27). Die luisteraars het goed geweet wat dit beteken om 'n mens se eie kruis te dra. Enige misdadiger wat onder die Romeinse bewind tereggestel is, moes self die dwarsbalk van sy kruis na die plek van teregstelling dra. Om Christus te volg, beteken nie dat ons lewe *sonder probleme* sal wees nie. Inteendeel, dissipelskap vereis dat ons Christus met algehele oorgawe sal volg, al moet ons daarvoor sterf.
Dit is die **groot verskil** tussen *bewonderaars, leerlinge en dissipels* van Jesus (Dirkie Smit). *"Bewonderaars"* dink baie van Hom en beskou Hom as 'n besondere mens. *"Leerlinge"* het soveel van Hom te wete gekom dat hulle selfs ander kan leer. Bewonderaars kan egter maklik iemand of iets anders kry om te bewonder. Leerlinge kan aan 'n ander leermeester se voete gaan sit.
*"Dissipels"* egter, *volg* Hom. Hulle *ken* Hom en is *bereid* om saam met Hom te *sterwe*. Om jou kruis op te neem en Jesus te volg, is om *elke keer te kies vir Christus.* Mens kan Jesus *nie halfhartig* volg nie. Dit is die **hoogste lojaliteit**

van jou lewe. Navolging beteken dat ons onsself **onherroeplik** aan Christus *weggee en doen* wat Hy van ons vra. Bewonderaars en leerlinge kry dit nie reg nie. Dissipels wel. Hulle *ervaar* die verskil en *maak* 'n groot verskil!

WAAR STAAN ONS?
Die krag van die stroom van hierdie wêreld het vir talle Christene te sterk geword en hulle **swem maar saam**. Hulle is soos *sout wat laf* geword het en niks meer beteken nie. Hulle beantwoord nie aan hulle *doel nie*. (:35) Wanneer "groot menigtes" in die kerk en onder die Naam van Christus Hom volg – en Hom tog *nie waarlik volg* nie – is dit tot **groot skade** vir God se koninkryk. Die kerk word *ongeloofwaardig* en sy getuienis *kragteloos.* Almal word net *meelopers, 'n onoortuigde en daarom onoortuigende menigte*.
Dis om hierdie rede dat Jesus ons **waarsku:** Voor julle kom, maak eers *seker*. Maak julle somme. Bereken die koste. Jesus wil natuurlik nie met dié waarskuwing mense *afskrik en wegwys nie*! Hy pleit eerder dat mense wel sal volg, maar met oorgawe.

Hoe is dit met u toewyding gesteld?
**Watter krag bepaal die <u>pas</u> en die <u>koers</u> van u lewe**: die begeerte na status, u bande met familie en vriende, u besittings of die drang na selfbehoud? Of is Jesus altyd u **eerste prioriteit**? Kom ons **gaan dink maar weer** oor ons tydsbesteding, ons erediensbywoning, ons dankoffer. 'n Mens kan nogal heelwat daaruit aflei oor jou prioriteite in die lewe.
Om in 'n **gesonde verhouding** met Jesus te lewe en gehoorsaam te wees aan sy **roeping**, is 'n *positiewe krag* in 'n mens se lewe. Dit bring die *heel beste* in jou na vore. Sulke dissipels *verhoog die geloofwaardigheid* van die evangelie. Met sulke lidmate sal Constantia aan sy *doel beantwoord*, nl om sout en om lig te wees. Slegs as ons dissipels is en nie net leerlinge en bewonderaars nie, kan ons **groei** verwag.
Goddank vir die **krag** van die Heilige Gees wat alle krag oortref en wat ons meer as oorwinnaars maak in die stryd!

Amen.

**Bespreek: Met 'n gemiddelde erediensbywoningsyfer van 35% - is Constantia se lidmate bewonderaars, leerlinge of dissipels van Jesus? Wat is die persentasie van jou erediensbywoning per jaar? Watter verskoning gebruik jy die meeste? Wat kan ons/jy doen om die erediensbywoning te verbeter?**
**Gesels oor julle ervaring van Sondagaand se nagmaal.**

ADDENDUM

**Die tweespalt van gehoorsaamheid**

Die eise van dissipelskap is inderdaad hoog.  Luister wat sê twee bekende teoloë hieroor:

> Dirkie Smit: "Almal met wie ons van nature verbind is word maklik hindernisse op die weg van dissipelskap. Dis om hulle ontwil (man,vrou, kinders) dat ons ons besittings behou en vermeerder. Dis om hulle onthalwe dat ons daarna soek om gewild te wees by die mense. Om hulle ontwil probeer ons lyding ontwyk. Ter wille van hulle moet ons nie sterf nie. En wanneer hulle dit alles van ons begeer, versterk hulle juis dit wat ons eie siel ook van nature reeds begeer. Om dissipel te wees bring daarom tweespalt in 'n mens self. Dit bring 'n mens telkens weer in botsing met jouself. Jy moet telkens opnuut hierdie keuse maak. Wie nooit meer hierdie tweespalt in hom of haar ervaar nie, vir wie die eise van Christus en die evangelie maklik, vanselfsprekend, byna natuurlik word, vir wie die evangelie soos 'n handskoen begin pas by hulle eie behoeftes en lewenskeuses . . . só iemand neem die evangelie waarskynlik nie meer ernstig genoeg nie."
>
> C S Lewis: "Christus sê: Gee my alles, Ek wil nie soseer van jou geld of jou werk hê nie, Ek wil jou hê. Ek het nie gekom om jou ou self so bietjie op te knap nie, maar om jou ou self dood te maak. Halfpad is nie ver genoeg nie. Ek wil nie 'n takkie hier en daar regsnoei nie, ek wil die boom afkap. Die eise van dissipelskap dra soms die skyn van 'n sware las. Die geloofskuns is om dit te ontdek as dinge wat vrymaak, omdat dit jou aan Christus verbind."

**Die krag kom van God**

Paulus skryf in Filippense 3:10: "Al wat ek wens is, om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood."

Paulus is baie ernstig oor sy navolging van Christus. Dissipelskap bly dus inspanning, maar die diepste motivering is die feit dat ek reeds aan Christus behoort. Paulus is by 'n punt in sy lewe waar hy 'n totale herwaardering moes maak. "Om Christus te ken" het vir hom die belangrikste prioriteit in sy lewe geword. Dit is 'n intieme, persoonlike, leweveranderende kennis van Christus. Die lewende krag wat hy ontvang van die opgestane Christus maak die enorme verskil in sy lewe.